# OVERSTRAND PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

## Voorgestelde ontwikkeling van 'n publieke oord, Hermanus, Wes-Kaap : Versoek vir Kwalifikasie

Hiermee nooi die Overstrand Plaaslike Munisipaliteit ontwikkelaars om te reageer op die Munisipaliteit se Versoek vir Kwalifikasie ("RFQ") vir die langtermyn verhuring van die De Mond Woonwapark en naasgeleë grond vir die ontwikkeling van 'n publieke oord in Hermanus deur indiening van die vereiste dokumentasie. Die area ter sprake oorskry 10ha. Hierdie kusdorp is ongeveer 120km vanaf Kaapstad geleë.

Die doel van die "RFQ" is om die belangstelling van finansieël gesonde en omgewingsverantwoordelike ontwikkelaars met bewese kundigheid en 'n gepaste rekord te toets met betrekking tot hul aptyt om met die Munisipaliteit 'n langtermyn huurkontrak aan te gaan vir die ontwikkeling, bestuur, bedryf en onderhoud van 'n publieke oord wat in die behoeftes van die breër publiek, insluitende toeristegroepe en kommersiële belange sal voorsien deur die beskikbaarstelling van onder andere akkommodasie en konferensiefasiliteite. Die Munisipaliteit het ten doel om 'n kortlys van kwalifiserende ontwikkelaars op te stel aan wie 'n omvattende Versoek vir Voorstel uitgereik sal word om ontwikkelingsvoorstelle in te dien.

Die "RFQ" dokument, in Engels, is beskikbaar vanaf Vrydag, 28 Maart 2014 by die kantore van die Overstrand Munisipaliteit, Magnolia Laan, Hermanus vanaf Me. R Neethling, tel nr. 028-313 8064 tussen 08:30 en 15:30 na betaling van 'n nie terugbetaalbare tenderdeelnamefooi van **R300.00**. As alternatief is die dokument gratis beskikbaar op die webblad www.overstrand.gov.za

**Daar sal geen uitklaring- of inligtingsvergadering wees nie.** Indien u verdere navrae het of die gemelde onderwerpeiendom wil inspekteer, kontak asb. Mnr Riaan Kuchar of Me Anja Kotze, tel.nr : (028) 313 8900 of per e-pos by: rkuchar@overstrand.gov.za of anjakotze@overstrand.gov.za gedurende werksure. Voornemende ontwikkelaars is aanspreeklik om hulself met die plaaslike omstandighede te vergewis ten einde hul eie ondersoek te loods en die verlangde dokumentasie voor te berei.

Die verseëlde "RFQ" dokument, duidelik gemerk: "**RFQ Nr. SC1452/2014** : Voorgestelde ontwikkeling van 'n publieke oord, Hermanus", in **Tender Bus Nr: 7** geplaas word in die voorportaal by die kantore van Overstrand Munisipaliteit, Magnolialaan, Hermanus. Die sluitingsdatum en tyd van die inhandiging is **12:00** op **30 Mei 2014** en sal direk daarna openbaar gemaak word in die Voorsieningskanaalkomiteekamer, Munisipale Kantore, Hermanus, wanneer die name van die respondente bekend gemaak sal word. Geliewe kennis te neem dat geen telegrafiese, telefaks, faksimilee of e-pos indiening aanvaar sal word nie.

Die Munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n Versoek vir Voorstel uit te reik indien die "RFQ" indienings nie daarin slaag om te voldoen aan die pre-kwalifikasie kriteria op grond waarvan die "RFQ" dokumente beoordeel sal word nie.

C GROENEWALD
Munisipale Bestuurder